Usain Bolt en die jeans

Karakters: Stoffel & Wysneus

Wysneus: Hallo Stoffel, hoe gaan dit met jou?

Stoffel : Goed en met jou Wysneus?

Wysneus: Glad nie sleg nie. Sê my het jy die olimpiese spele geniet?

Stoffel : O ja dit was baie lekker, dankie dat jy my saamgevat het.

Wysneus: Plesier.

Stoffel : Dit het net so vinnig verby gegaan , dis amper asof ek glad nie daar was nie.

Wysneus: Ek weet presies wat jy bedoel. Wat maak jy met die rekenaar?

Stoffel : Ek soek op die internet.

Wysneus: Wat soek jy Stoffel?

Stoffel : Ek soek watse Jeans Usain Bolt dra.

Wysneus: Hoekom wil jy dit weet?

Stoffel : Sodat ek vir my ook sulke Jeans kan koop. Ek wonder of dit Levi's of Wranglers is?

Wysneus: Hoekom wil jy dieselfde jeans as Usain Bolt hê?

Stoffel : Sodat ek ook vinnig kan hardloop. Ek hoop Mr Price sal daai jeans hê.

Wysneus: Maar Stoffel, Usain Bolt hardloop nie met jeans nie.

Stoffel : Ek weet, en ek het ok eers gedink dis sommer nonsense, maar toe lees ek in die kirant...

Wysneus: Koerant.

Stoffel : ... Ja toe lees ek dat 'n slim professor in Amerika sê: Die Jamaicans hardloop so vinnig, want dis in hulle jeans!

Wysneus: Wat?

Stoffel : Ja, ek het ok eers gedog dis sommer net 'n storie, maaar toe sê daai kommentator op die TV dit ook.

Wysneus: Dat jeans, Usain Bolt vinnig laat hardloop?

Stoffel : Ja. Hy hardloop so vinnig, want dis in sy jeans. Nou gaan ek vir my ook sulke jeans koop en dan gaan ek ook vinnig kan hardloop.

Wysneus: (Lag.) Stoffel, ek dink jy het so 'n bietjie die kat aan die stert beet.

Stoffel : Wat se kat?

Wysneus: Hoe spel mens daai jeans waarvan die professor praat?

Kopiereg: Danie Matthee (2012)

Stoffel : G...E...N...E...S

Wysneus: G...E...N...E...S?

Stoffel : Ek het amper eers gedog hulle skryf van Genis maar toe sê die ou op die TV dis jeans.

Wysneus: Maar die man op die TV het seker Engels gepraat?

Stoffel : Natuurlik! Die olimpiese spele was in Engeland... duhhh!

Wysneus: (Lag) Maar dan is dit nie jeans wat Bolt so vinnig laat hardloop nie, dis sy gene?

Stoffel : Gene? Wat is gene!?

Wysneus: Dis in sy bloed. Dis hoe die Here hom gemaak het.

Stoffel : Is jy seker, Wysneus?

Wysneus: Ja, jeans spel mens: J...E...A...N...S nie G...E...N...E...S nie.

Stoffel : J...E...A...N...S? Maar dit klink dan soos Jans.

Wysneus: Ek weet, maar dis Engels.

Stoffel : Wel, dan hoop ek nie hulle praat in die hemel Engels nie.

Wysneus: Hoe so?

Stoffel : Want as Jesus sê die 'SHEEP' moet regs gaan staan en die 'BUCKS' links, dan dink almal dalk Hy praat van geld.

Wysneus: Goats.

Stoffel : Huhh?

Wysneus: Nie bucks nie, Stoffel... mens sê goats.

Stoffel : Maar dis dan jasse!

Wysneus: Nee, jasse is coats.

Stoffel : Sjoe ek is bly ek is nie Engels nie!

Wysneus: Ek dink ons is almal bly jy is nie Engels nie.

Stoffel : Maar Wysneus, as die Jamaicans so vinnig kan hardloop omdat dit in hulle bloed is, dan gaan ek mos nooit so vinnig soos hulle kan hardloop nie?

Wysneus: Nee Stoffel, as jy nie hulle gene het nie het jy nie 'n kans nie.

Stoffel : Nou waar kry mens jou gene?

Wysneus: Van jou ouers. Wanneer jy gebore word.

Stoffel : So as ek so vinnig soos Usain Bolt wil hardloop, sal ek weer gebore moet word en sy bloed en gene moet kry?

Wysneus:: So iets, ja.

Kopiereg: Danie Matthee (2012)

Stoffel : Haai Wysneus, ek dink nou net aan iets... As ek weer gebore kan word en nuwe bloed en gene kan kry, sal ek liewer Jesus sin wil hê.

Wysneus: Jesus se gene?

Stoffel : Ja, want ek dink dis gaan cooler wees om soos Jesus te wees as soos Usain Bolt.

Wysneus: Ek dink jy's reg, maar weet jy wat? Ons kan geestelik weer gebore word en ons kan Jesus se bloed kry.

Stoffel : Rêrig?

Wysneus: Ja, want Hy het sy bloed en sy liggaam aan die kruis vir ons gegee.

Stoffel : Wow!

Wysneus: Daarom sê Jesus in Johannes 6, ons moet sy bloed drink en sy liggaam eet sodat ons nuwe mense kan word.

Stoffel : Johannes 6? (Af)

Wysneus: Waar gaan jy nou?

Stoffel : My Bybel haal om Johannes 6 te soek!

Wysneus: Wag vir my!

Kopiereg: Danie Matthee (2012)